28 Januarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 3/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

<u>Die nuwe onderwys</u>

Sedert 1994 het onderwys telkens tegnies verander. Deur al die veranderinge heen het Laerskool Bakenkop aan 'n sekere manier van werk bly kleef. Soms was dit moeiliker om dit toe te pas maar nogtans, ons het probeer.

Aankondigings is gedoen om 'n nuwe wending in onderwys teweeg te bring. Ons sal steeds die beproefde metodes gebruik. Dit wil egter blyk dat Bakie-onnies nie so baie sal skuif nie.

Enkele van die standvastige werkwyse is die volgende:

- **Drilwerk en leeswerk.**
- **Tafels ken en aandag aan spelling.**
- **Die onderwysers se onderrigtaak is gebalanseerd gefokus op intellektuele vaardighede waarmee die leerder in staat sal wees om self kennis te ontsluit en te struktureer.**
- **Memorisering en ander intellektuele vaardighede word nie verabsoluteer nie maar gebalanseerd toegepas.**
- **Onderwysers ondersteun elke leerder sodat hul die gestelde doelwitte bereik.**
- **Onderwyser onderrig en leerders voer opdragte uit, werk hard, doen huiswerk en bemeester leerinhoud.**
- **Klem word gelê op waardes.**
- **Help leerders met leeruitvalle waarvan ouers veral in Graad 2 instem, om die leeruitvalle in Hulpklas te oorkom, voordat leerders 9jaar oud is.**
- **Lê klem op dissipline. Spesiale klaskamerreëls en eksamenreëls geld: Leerders en onderwysers onderteken dit.**
- **Lê klem op positiewe karaktereienskappe, soos vriendelikheid en hulpvaardigheid en lê klem op waardes, en toepassing daarvan.**
- **Gee eerder positiewe merietes en beloon leerlinge daarvoor.**
- **Moedig deelname aan in sport en kultuur.**
- **Lê klem op leerdervisie: Hanteer elke situasie so goed jy kan.**

- **Geen span gaan op die veld om te verloor nie, maar as dit gebeur het, word leerders nie afgekraak nie – eerder gevra of hul hul visie uitgeleef het.**

2. LIEF EN LEED

Ons innige empatie met die volgende leerders met die afsterwe van –
Chané Lume (Gr. 3.2) – Oupa.
Unré Jooste (Gr. 3/2) – Oupa.
Miche (Gr. 5) en Dieter Groenewald (Gr. 2) - Oupa

3. ONDERRIGGELDE KOEVERTE

Ouers/Voogde kan die skoolgelde op die volgende wyses betaal:

1. **Voltooi 'n debietordervorm wat by die skoolkantoor beskikbaar is.**
2. **Betalings kan elektronies in die skool se rekening inbetaal word. Bankbesonderhede is by die skoolkantoor beskikbaar.**
3. **U kan ook van 'n koevertjie stelsel gebruik maak, waarin die geld geplaas word en maandeliks skool toe gestuur word. Die koeverte word soggens met registerperiode in skoolkantoor-voorportaal in goue gleuf langs gangdeur gegooi. Kantoorpersoneel help graag leerders wat onbekend is met die prosedure, hiermee .**

   Twee persone, elk met 'n eie afsonderlike sleutel sluit die geldkas oop, vir sekerheidsdoeleindes. Die twee persone tel ook die geld saam om foute met geld tel te voorkom.
4. **Ouers wat die volle skoolgeld vir die jaar wil betaal, het tyd tot Maandag 1 Februarie 2010.**

Voltooi asseblief die skeurstrokie en dui u keuse van betaling aan.

5. SENIOR KOOR

<u>Datums wat reeds beskikbaar is</u>:

Saterdag	**-**	**27 Februarie**	**-**	**Oefen en pretdag.**
Donderdag	**-**	**22 April**	**-**	**Notepret aand.**
Woensdag	**-**	**19 Mei**	**-**	**Autumn Concert saam met Jakaranda Kinderkoor.**
Woensdag	**-**	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand by ons skool.**

6. PA EN SEUN OORSLAAP – 5 EN 6 FEBRUARIE 2010

Reëlings vir hierdie aktiwiteit is soos volg:

Vervoer	**-**	**Eie vervoer na terrein by Hartbeespoortdam. ± 60 km vanaf Laerskool Bakenkop (roetekaart volg later).**
Kostes	**-**	**R400.00 per pa en seun en R150.00 vir die tweede seun. Die koste sluit in akkommodasie, etes en programfooie.**
Program	**-**	**Arriveer Vrydag 17:00 tot Saterdag 14:30.**

Die laaste dag vir bespreking en betaling is 2 Februarie 2010.

7. KRIEKET AKADEMIE BY LAERSKOOL BAKENKOP

Ouers neem asb. kennis van die advertensie in hierdie omsendbrief van Calypso Krieket Akademie wat nou gaan funksioneer by Laerskool Bakenkop. Mnr. Louis Piso is 'n vlak 3 (krieketraad) afrigter met baie afrigting ervaring en ervaring as provinsiale speler en oorsese spel en afrigting.

8. VRYDAG GHOLFHEMDE

Die Snoepie het geen voorraad oor nie. Ons het 'n borg gekry en het reeds die nuwe hemde bestel. Ons verwag dat die hemde so teen die einde van Maart 2010 hier sal wees.

9. PRIVAAT VERVOER VAN LEERDERS IN DIE MIDDAE NA SKOOL

Ouers kan met die kontrakteur in kontak kom indien sodanige dienste benodig word. Die skool het geen verbintenis met die kontrakteur anders as om inligting aan ouers deur te gee. Die skool is geensins 'n party in enige kontrak tussen 'n ouer/voog van 'n kind van Laerskool Bakenkop en die kontrakteur nie.

10. GRAAD R-KLAS

Die skool open 'n derde graad R-klas. Daar is tans 18 leerders in elke graad R-klas.
Mev. Onica Roux is aangestel as onderwyseres vir die Graad R-klas. Die Graad R-klas begin op 1 Februarie 2010.

11. JUANITA DU PLESSIS - 12 FEBRUARIE 2010

KAARTJIES : LAERSKOOL BAKENKOP (KANTOOR)

: SOGGENS VAN 07:00 TOT 15:00

BETAAL OOK PER INTERNET AAN SKOOL EN KOM HAAL LATER AF.

KOOP NOU !! !!

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF